NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 12 – Uitgawe 15

23 Mei 2019

Op pad na die 72ste Algemene Kerkvergadering

Die kennisgewings vir die 72ste AKV is reeds aan alle gemeentes en predikante gestuur. Die amptelike opening van die 72ste AKV vind op Sondag 22 September 2019 om 18:30 by Gemeente Montana plaas, waarna die vergadering self die volgende oggend by Gemeente Wonderboom begin. Verdere besonderhede sal later beskikbaar wees.

Teen dié tyd is al die ringsvergaderings agter die rug en is die meeste ringsverslae reeds ontvang. Dit sluit ook die beskrywingspunte in wat deur gemeentes en ringe geformuleer is. Daar is ook 'n aantal beskrywingspunte van kerklike rade en komitees ontvang. Al die beskrywingspunte dien in Junie op die agenda van die Kommissievergadering, waarna die agenda van die AKV gefinaliseer en aan afgevaardigdes gestuur sal word.

Die agenda van die AKV sal natuurlik volledige verslae van die Kommissie van die AKV, die Raad van Finansies, die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering (ADV), die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging (NHSV), die Bybelgenootskap van SA en ander rade en komitees van die Kerk bevat. Hierdie verslae, en die aanbevelings wat daarin vervat is, skets 'n duidelike beeld van die omvang van die Kerk se dienswerk én die uitdagings wat die Kerk in die gesig staar. Die AKV sal ook weer moet besin oor die kerkordelike plek van die ADV en die NHSV.

Intussen is dit duidelik dat groeiende diversiteit in die Kerk tot ernstige debatvoering tydens die AKV onder verskillende beskrywingspunte aanleiding sal gee. Dit behoort na vore te kom in gesprekke oor Skrifbeskouing en Skrifverstaan, homoseksualiteit, verskille in die bedieningstyl van gemeentes, die Kerk se korporatiewe identiteit, en 'n beskrywingspunt wat predikante en kerkrade versoek om nougeset uitvoering te gee aan besluite van die AKV.

'n Aantal beskrywingspunte handel oor die sakramente en formuliere van die Kerk. 'n Paar alternatiewe formuliere (ook Engelse formuliere) sal aan die vergadering voorgehou word, terwyl die AKV gevra sal word om weer te besin oor kinders se deelname aan die Nagmaal.

Die AKV sal andermaal prioriteite vir die Kerk se bediening moet bepaal. Die Kerk het nog nooit genoeg geld gehad om alles te doen wat ons graag sou wou nie, en die moeilike ekonomiese en sosiopolitieke omstandighede maak dit onafwendbaar dat die Kerk in die huidige tydsgewrig keuses sal moet uitoefen. Dit raak byvoorbeeld ondersteuning aan sukkelende gemeentes, jeugbediening en studentebearbeiding, en die Fonds vir Strategiese Bediening.

Teologiese opleiding sal weer heelwat aandag geniet. Die koste van teologiese opleiding laat vrae ontstaan oor die moontlikheid om die studietydperk te verkort, of om voorsiening te maak vir studente wat by wyse van afstandsonderrig studeer of terselfdertyd ander kwalifikasies wil verwerf, of persone wat reeds oor ander professionele kwalifikasies beskik wat nou deeltyds wil studeer om eendag deeltyds predikant te wees terwyl hulle ook 'n ander inkomste het. Die goeie groei in die Teologiese Opleidingsfonds maak dit vir die AKV moontlik om nou oor die aanwending van die Fonds se renteopbrengs te besin.

En die AKV sal, les bes, indringend moet besin oor die versorging van predikante (voltyds en deeltyds), die verteenwoordiging van vroue in die Kerk, en billike arbeidspraktyke.

Daar wag 'n uitdagende maar opwindende week op die afgevaardigdes!

Dr Wouter van Wyk
Sekretaris: Kommissie van die AKV

Teken in op blitspos
Stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Indien u nie weer blitspos wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Lief en leed

Mev Babsie Botha

- **Mev Babsie Botha**, skoonmoeder van dr Christo Pretorius en weduwee van prof Schalk Botha, het Saterdag 11 Mei haar heup gebreek. Sy het intussen ’n suksesvolle heupvervanging ondergaan, en word in ’n rehabilitasiesentrum versorg nadat sy uit Montana-hospitaal ontslaan is.

- **Die volgende predikante verjaar tot 31 Mei, en word hartlik geluk gewens:**

o	Donderdag 23 Mei:	Ds CJ (Johann) de Bruin (siekte-emeritaat/ SPE-museum)
o	Vrydag 24 Mei:	Dr RJ (Robert) Jones (Barberton)
o	Saterdag 25 Mei:	Di RP (Rudi) Botha (emeritus/Wesmoot), JJC (Johan) Koekemoer (Marble Hall) en DJD (Danie) Taljard (Sionshoogte)
o	Sondag 26 Mei:	Ds J (Jackie) Dippenaar (beroepafwagtend)
o	Maandag 27 Mei:	Dr PL (Piet) Steenkamp (emeritus/Jeffreysbaai)
o	Dinsdag 28 Mei:	Prop PA (Paul) van Jaarsveld (beroepafwagtend)
o	Woensdag 29 Mei:	Ds P (Paula) Eksteen (buiteland)
o	Vrydag 31 Mei:	Ds GJ (Gert) van Staden (beroepafwagtend)

Gemeentes en bediening

- **Die kantore van die Sinodale Dienssentrum sal gesluit wees op Donderdag 30 Mei (Hemelvaartdag).**

- **Mev Sarie Roux** van die **Boekwinkel by Derdepoort** is **van 17 tot 28 Mei met verlof**. Die Boekwinkel is dus nie tans toeganklik vir besoekers nie. Bestellings wat vooraf geplaas is, sal wel afgehaal kan word.

- **Gemeente Greylingstad** (stigtingsdatum 27 Mei 1944) vier op **Sondag 26 Mei om 11:00** hul **75ste verjaardag** met ’n feesdiens en ete. Vorige predikante en lidmate van die gemeente word vriendelik uitgenooi. Navrae aan ds Fanie Naudé by 083 391 3151 of **naude.fanie@gmail.com.**

- **Gemeente Pongola** se **e-posadres** het verander. Dit is nou **nhkerkpongola@gmail.com**.

- **Ds Johann de Bruin** van die SP Engelbrecht-museum (ons Kerkmuseum) wil graag kontak maak met gemeentes of lidmate wat hul eie klein gemeentemuseum, museumuitstalling of net museumkas het, selfs al is dit net besonderse of waardevolle historiese voorwerpe in die kerkgebou en saal. Laat hoor asseblief van julle. Stuur gerus foto’s en vertellings. Ons is ook op soek na ’n outydse doodskleed. Kontak ds De Bruin by **cjdb@telkomsa.net** of 082 733 3951 op WhatsApp.

- **By die SP Engelbrecht-museum te koop**: Ou portret-/fotorame en glas – maak ’n aanbod. Ook ou yster-kerkwapens/ZAR-embleme @ R100 elk en 1886-1986 Witfontein bronspennings @ R20 en silwerpennings @ R100. Stel van 8 plakkate oor geskiedenis van die NHKA @ R250 of R45 per plakkaat: Predikante; Ouderlinge; NHSV; Nagmaal en Doop; Bybelvertaling; Kerkhervorming; Voortrekkers; Liturgiese jaar. Ons kan dit ook via Postnet stuur. Kontak ds De Bruin by **cjdb@telkomsa.net** of 082 733 3951 op WhatsApp.

Vergaderings

•	Donderdag 23 Mei:	Pensioenvergaderings Redaksie van *Die Hervormer* ADV Dagbestuur
•	Vrydag 24 Mei:	Raad van Finansies Rata Bestuur

’n Gedig

Selfs die son

jy praat van trek na griekeland
maar my oë
sien reeds hoe eensaam
staan die suikerbos
teen die berg se suidekant
o hierdie land sal ons swaar verlaat
elke oggend
strek net ’n dagreis voor ons uit
al droog die dae
net perskes by bethulie
weg van mense in die son
hierdie land gaan ons swaar verlaat
hierdie land wat konsertina speel
met eensaamheid
hierdie land wat wals met hartseer
as jou voete nie vat aan sy grond nie
hierdie land sal ons swaar verlaat

ja selfs die son keer terug
en hierdie grond weet reeds
hoe klop die tuisblykierie op sy rug

Pieter Smit
(Uit: *Witskrif*, 1987)

Toerusting

- **Sentrum vir Kontekstuele Bediening, UP**
  Premierkursus oor brugbediening
  Week 1: 29 Julie – 2 Augustus
  Week 2: 4-7 November
  Kursusleier prof Malan Nel, 70 kursuspunte
  Koste R2 200 (BTW ingesluit)
  Kontak Hesmarie Bosman by 012 420 4952
  Hesmarie.Bosman@up.ac.za

Barmhartigheid

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, beskik tans oor **een eenslaapkamer-woonregeenheid** in Huis Frans Boshoff teen R347 080 en **een eenslaapkamer-huureenheid** in Huis Johannes Postmus teen R5 520 per maand. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
  Lewensreg te koop
  2-slaapkamer @ R560 000

1½-slaapkamer @ R520 000
1-slaapkamer @ R515 000
Groot tuine om in te ontspan
Geen versorging
Daar is nou ook huureenhede beskikbaar
Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
012 329 4318 / 084 920 8723

Kerklike publikasies

- Die Sinodale Dienssentrum se **Kerkspesifieke lessenaarkalender vir 2019**, in volkleur, is nou teen die verminderde bedrag van **R50 (BTW ingesluit)** per kalender beskikbaar. Die Kerkjaarbesonderhede word elke maand aangedui. Sinodale vergaderings word aangedui, maar daar is steeds genoeg ruimte by elke dag om eie afsprake in te skryf. Die formaat is A2 (4 x A4's), aan die bokant gegom, sodat dit plat op 'n lessenaar kan lê. Bestel by mev Sarie Roux by 012 322 8885 x3025 of **sentik@nhk.co.za**. Die kalenders kan afgehaal word by die Sinodale Dienssentrum te Swaanstraat 129, East Lynne.

Fondsinsamelings

- **Gemeente Krugersdorp: Gholfdag**
  Donderdag 6 Junie by Krugersdorp Gholfbaan
  R1 600 per vierbal (sluit baanfooi en halfwegete in)
  R2 500 om 'n putjie te borg
  Inskrywings en navrae: Ds Quinten Schimper
  076 687 7410 / **quinten.schimper@gmail.com**

- **Rata: *Drive for a Child Masters***
  Dinsdag 20 Augustus by Silver Lakes Buiteklub
  Borg 'n putjie teen R2 500
  R4 200 vir 'n 4-bal (2 gholfkarretjies, middag- en aandete ingesluit)
  R5 000 vir 'n 4-bal plus putjieborg (2 gholfkarretjies, middag- en aandete ingesluit)
  Navrae: 082 081 3213 / info@driveforachild.co.za
  www.driveforachild.co.za

Vroueflitse

Basaars en markte

- **Gemeente Drie Riviere: Basaar**
  Saterdag 25 Mei vanaf 09:00
  By die kerkperseel, hv Bashee- en Wilgestraat, Drie Riviere
  Vars vleis en smullekker verversings te kies en te keur
  Heelwat vermaak vir kinders
  Toegang is gratis
  Navrae aan ds Hennie Louw by 084 508 7849

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Wind-Ex**
  Saterdag 25 Mei vanaf 09:00
  By Fakkelskool in Sasolburg (Jan Smutsstraat)
  Heerlike pretdag vir gesinne
  Kom snuffel deur die stalletjies
  Kom skiet windbuks (windbukse beskikbaar)
  Heerlike etes
  Veteraanmotors en nuwe motoruitstallings
  Navrae aan ds Lisa-Mari Swanepoel
  lisamari.swanepoel@gmail.com

- **Gemeente Lichtenburg: *Local is lekker* Oesfees**
  Saterdag 25 Mei
  Gratis toegang
  Gaskunstenaar Juanita du Plessis
  Kinders: Tombola, skyfskiet, reuseglybaan en klimmuur
  Veiling met pragstukke: Skilderye, Marico-mampoer, binnebraaier
  Foto's met oorspronklike handtekeninge van Bloubul-legendes
  Tambotiehout-koffietafel spesiaal vir die Oesfees gemaak
  Spesiale *Local is Lekker Oesfees* versamelaarswyn
  Tradisionele stalletjies met pap-en-kaiings, spesialeresep-lewerkoekies
  Plaasstalletjie met handwerk, ensovoorts
  Kwaliteit bees-, skaap- en varkvleis teen billike pryse
  Meer as 100 groot koeke en meer as 1 000 pakkies klein koekies
  Kompetisie: 1ste prys R20 000; 2de prys 'n week in Margate vir 5 persone
  Nog groot pryse
  Kaartjies beskikbaar @ R20
  Kaartfasiliteite beskikbaar
  Navrae aan Dave Oosthuizen 083 311 2962
  Willie Manders 018 632 4830 / **williemanders@arestan.co.za**
  Ds Gerrie Senekal 082 576 1141 / 018 632 2658 / **gcsenekal@nhk.co.za**

- **Gemeente Newcastle: Winskopiebasaar**
  Vrydag 31 Mei 13:00 tot laat
  By kerksaal, hv Eaton- en Amielweg, Amielpark
  Kerrie-en-rys, pap-en-sosaties, pannekoek, nagereg en baie meer
  Navrae: Piet Bothma 082 444 7257 / Daleen Honeyball 084 578 1556

- **Gemeente Delmas: Voetspoorfees**
  Saterdag 1 Junie 09:00-14:00
  Kom geniet vleisspore, pretspore, smulspore en vermaakspore
  Met "Die Ventertjies" (gratis vertonings)
  Navrae: Heleen Bekker 013 665 2679 / **delmas@nhk.co.za**

- **Gemeente Silverton: Basaar**
  Saterdag 1 Junie vanaf 08:00 en solank voorraad hou
  By kerksaal, hv Fakkel- en Presidentstraat, Silverton
  Vetkoek, pap-en-kaiings, worsbroodjies
  Pannekoek, nagereg, koeke, vermaak en baie meer
  Staanplek vir stalletjies beskikbaar teen R200
  Geen kosstalletjies van buite gemeente nie
  Navrae: Ds Henk Labuschagne 082 375 4321
  Hannie Knoll 079 603 6555

- Oor ’n afstand van bykans 500 km woon ongeveer 100 lidmate van die **Dutch Reformed Church Nkana of Zambia**. Ons Kerk is die enigste kerk in die wêreld wat in daardie mense se behoefte voorsien met die evangeliebediening in Afrikaans. Vanweë finansiële probleme is die gemeente die afgelope drie jaar vakant en kon hulle slegs bekostig om elke maand een erediens uit Suid-Afrika te ontvang. Daar was egter sodanige groei dat die **gemeente nou weer voltyds kan beroep**. Die voortgaande instandhouding van die standplaas gaan baie verg. Jy kan die gemeente **finansieel ondersteun** met ’n **eenmalige bedrag** deur een of meer **beesraaivorms** te koop en so ook ’n bees vir jou gemeente te wen. Dit val saam met die gemeente se **basaar op Saterdag 1 Junie by die krieketklub in Kitwe**. Met ’n klein donasie van **K20 (R25) vir een kaartjie of K50 (R70) vir drie kaartjies** kan jy **’n bees van ongeveer 230 kg of K6 000 (R7 500) in kontant wen**. Beantwoord die volgende vraag: **Waar word die basaar gehou?** Die trekking vind plaas op 1 Junie om 16:00 gedurende die basaar op die krieketgronde in Kitwe. Die geld kan inbetaal word in die gemeente se rekening in Suid-Afrika: Absa, Raad van Finansies, rekeningnommer 020 000287, takkode 632005, verwysing Basaar 16 ZAMB. Vra vorms aan van **beukesm13@gmail.com** of **drcnkana@gmail.com voor 25 Mei**. Navrae aan prof Bieks Beukes (brugpredikant Nkana) by 072 036 4960 of Cleo Dempers (skriba) by +260967783278.

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word. *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). **(Let asseblief op die nuwe koste.)** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

Vergewe ons, Here God, ons opsetlike sondes,
en dié van versuim;
die sondes van ons jeug, én van ons ryper jare;
die sonde van ons gedagtes, en van ons liggaam;
ons geheime én ons blatante sondes;
dié wat ons uit onkunde of uit ongeërgdheid doen,
en dié wat ons vooruit bedink en beplan.
Vergewe ons, Here, die sonde wat ons doen
om onsself te bevoordeel, of om ander te plesier;
die sondes wat ons steeds onthou,
maar ook dié wat ons al vergeet het;
die sondes wat ons vir die wêreld en vir onsself wegsteek,
en dié waardeur ons ander tot sonde verlei het.
Vergewe húlle ook, o God. Vergewe ons almal,
ter wille van Hom wat vir ons sonde gesterf het
en opgestaan het,
sodat ons vrygespreek kan word.
Hy wat nou aan u regterhand sit
om vir altyd vir ons in te tree –
Jesus Christus, ons Here.

John Wesley
(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé, 2014)

Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk